# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/13)

*Justin Chadwick (25 Januarie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "There are people who, instead of listening to what is being said to them, are already listening to what they are going to say themselves" Albert Guinon***

## SITRUS SWARTVLEK / CITRUS BLACK SPOT (CBS)

Die onvermoë van die Internasionale Plantbeskermingskonvensie (IPPC = IPBK) se sekretariaat en bestuur om hul werk te doen stel nou lande met CBS in die gevaar om belangrike markte te verloor. Die enigste Pes-Risiko-Analise wat vir CBS uitgevoer is, het tot die gevolgtrekking gekom dat CBS nie in die EU kan vestig nie. Hierdie gevolgtrekking is in twyfel getrek deur die "European Food Safety Authority (EFSA)" se evaluering van die PRA wat tot die gevolgtrekking gekom het dat daar wel 'n risiko is (al is dit beperk tot 'n klein area in sommige van die suidelike lidlande) en dat die huidige maatreëls toepaslik is. Hierdie gevolgtrekking word nou deur Suid-Afrika bevraagteken. As gevolg van die dooiepunt het die Suid-Afrikaanse regering die IPPC gevra om in te gryp en die saak te bemiddel. Dit het aan die begin van 2010 plaasvind – ons is nou by die begin van 2013 en nog geen aksie van die IPPC. Gegewe die onvermoë van die IPPC-meganisme is dit nou nodig vir die WHO om betrokke te raak om die geskil op te los. Hierdie proses het ten minste vaste tydslyne. Intussen moet lande met CBS voldoen aan die relevante CBS riglyne. Suid-Afrika het 'n goeie rekord in terme van fitosanitêre beheer en in 2013 gaan dit belangrik wees dat ons waaksaam bly en al die aanbevole CBS-beheer toepas. CGA het die bedryf oor die EU-CBS saak op hoogte gehou deur middel van 'n "Grower Advisory". Dit is op 6 en 30 November 2012, 21 Desember 2012 en 24 Januarie 2013 gesirkuleer. As daar enige belanghebbende in die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf is wat graag 'n kopie van die omsendbriewe wil hê, kontak asseblief vir justchad@iafrica.com. DAFF is in die proses om die CBS Risk Management System (CBS-RMS) te finaliseer. Dit is belangrik dat produsente bewus is van hul verpligtinge met betrekking tot die CBS-RMS. Spuitprogramme en boordbestuur vir CBS is veral belangrik. DAFF gaan boordinspeksies doen, en diegene wat 'n hoë risko inhou sal nie vir die EU-mark geregistreer word nie. As jy vir die EU gaan pak of voor week 12 gaan begin pak (einde Maart), kontak asseblief vir Paul Hardman (ph@cga.co.za) sodat boordinspeksies gereël kan word.

**As jy dink dat daar 'n moontlikheid is dat jy CBS-vrugte het, bly dan weg van CBS-sensitiewe markte.**

## ARBEIDSONRUS

Mohammed Karaan is die Dekaan van Landbou by Universiteit Stellenbosch en ook 'n Kommissaris op Trevor Manuel se Nasionale Beplanningskommissie. Hy help nou die bedryf om na ons rol in die beëindiging van die dispuut te kyk en om sulke probleme in die toekoms te verhoed. Hy is in die pers aangehaal (met verwysing na die tafeldruifbedryf) "with the right leadership, the current crisis could become an opportunity to develop a more competitive industry that would enjoy strong growth prospects over the long term".

Leierskap is om mense oor die toekoms in te lig en om hul te help om dit te bereik. Met baie wat deur die geweld en vernietiging van eiendom ontnugter is, het die leierskap die moeilike taak om te definieer hoe die "more competitive" bedryf moet lyk en hoe dit bereik kan word. In die CGA Raad het die sitrusbedryf bekwame leiers; produsente word aangemoedig om hul verteenwoordiger op die Raad te kontak om die pad vorentoe te definieer en om hul te ondersteun in die bepaling van 'n oplossing wat die behoeftes en doelwitte van die bedryf, regering en arbeid sal aanspreek. Die nadeel (volgens Karaan met verwysing na die tafeldruifbedryf) is dat "without the right leadership the current turmoil could see a shrinking of the industry".

## PAKHUISWERKSWINKELS AND CGA ROADSHOWS

Volgende week vind die eerste pakhuiswerkswinkel op **29 & 30 Januarie** in Limpopo by The Ranch in Polokwane plaas. Datums, tye en plekke asook die agenda vir die vergadering en al die ander pakhuiswerkswinkels is by www.cga.co.za beskikbaar. Vir verdere inligting kontak HannesBester@cri.co.za.

Die CGA Roadshows is ook gefinaliseer – datums, tye en plekke is by www.cga.co.za beskikbaar. Hierdie roadshows skop af by **Nkwalini** 10:00 op Maandag 18 Feb (10:00 by Farmers Club); **Pongola** 19 Feb om 09:00 by Mvutshini Estates; op dieselfde dag is **Swaziland** om 14:30 (Tambuti Estates); 20 Feb **Nelspruit** by CRI om 14:00 en die week word by die **Onderberg,** MSK om 10:00 op Donderdag 21 Feb afgelsuit.

Paul Hardman se groep besoek **Zimbabwe** om 16:00, Maandag 18 Feb (Paul Bristow se plaas); **Limpoporivier**, 19 Feb om 10:00 by Noordgrens Lapa; **Letsitele** om 10:00, The Junction op 20 Feb; **Hoedspruit** op 20 Feb, 15:00 by Die Hengel Klub, en sluit hul week af by **Senwes** om15:00, 21 Feb by Lookout Lodge, Groblersdal.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**